



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2023

# EKONOMIE V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B ✓✓ I + G + X > S + T + M

1.1.2 A ✓✓ Dubbeltelling

1.1.3 B ✓✓ Vry-swewende

1.1.4 D ✓✓ Verbetering van die doeltreffendheid van markte

1.1.5 C ✓✓ Ouditeur-generaal

1.1.6 A ✓✓ kollektief

1.1.7 C ✓✓ onderwaardeer

1.1.8 D ✓✓ afswaai – trog – opswaai – piek (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS-ITEMS

1.2.1 D ✓ gehef volgens die bedrag verdien

1.2.2 I ✓ ŉ Opsomming van ŉ land se ekonomiese aktiwiteit van produksie, inkomste en uitgawes

1.2.3 G ✓ verskil in die waarde van totale uitset tussen ŉ piek en ŉ trog

1.2.4 A ✓ aankoop van bates soos aandele of effekte, waar die belegger slegs in die verwagte finansiële opbrengs op die belegging belangstel

1.2.5 C ✓ Toon die regering se geprojekteerde inkomste en uitgawes vir drie jaar

1.2.6 H ✓ ŉ Internasionale reserwebate wat deur die IMF geskep is om die amptelike reserwes van sy lidlande aan te vul.

1.2.7 E ✓ Internasionale riglyne vir die ontwikkeling en rapportering van statistieke wat oor lande vergelykbaar is

1.2.8 F ✓ Bestudeer die gedrag en prestasie van ŉ ekonomie as ŉ geheel (8 x 1) (8)

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Vermenigvuldiger ✓

1.3.2 Tendenslyn ✓

1.3.3 Kontantreserwevereiste ✓

1.3.4 Devaluasie ✓

1.3.5 Laffer-kurwe (kromme) ✓

1.3.6 Fiskale beleid ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem TWEE draaipunte van 'n sakesiklus.**

- Piek ✓
- Trog ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan 'n groter marginale spaar geneigdheid (msg) die grootte van die vermenigvuldiger beïnvloed?**

Dit verminder die grootte van die vermenigvuldiger namate minder spandeer word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord).
(Enige 1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Watter metode van berekening word in die tabel hierbo gebruik om die bruto binnelandse produk te bepaal?**

Inkomste-metode / BBP ✓ (1)

2.2.2 **Noem die ontbrekende item gemerk (A).**

Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse/BWT teen basiese pryse. ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *subsidies op produksie*.**

Subsidies op produksie verwys na subsidies wat nie aan spesifieke goedere en dienste verbind word nie, bv. subsidies op indiensneming. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.4 **Hoe sal jy die BBP na BNP omskakel?**

Plus primêre inkomste vanaf die res van die wêreld ✓ en minus primêre inkomste van die res van die wêreld ✓ / BBP + primêre inkomste vanaf die res van die wêreld – primêre inkomste na die res van die wêreld. ✓✓ (2)

2.2.5 **Bereken die waarde van BBP teen markpryse vir 2021 (B). Toon alle berekeninge.**

5 572 608 + 633 854 ✓ – 13 965 ✓ = 6 192 497 ✓✓ (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Noem die parastataal waarna in bogenoemde inligting verwys word.**

Eskom ✓ (1)

2.3.2 **Wie is indirek verantwoordelik vir die redding van staats-ondernemings in Suid-Afrika?**

Die belastingbetaler ✓ (1)

2.3.3 **Verduidelik kortliks die term *privatisering.***

Wanneer die regering hulle funksies, aktiwiteite en eienaarskap van die regering na die privaatsektor oordra. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.4 **Verduidelik ondoeltreffendheid as ŉ kenmerk van openbare sektor-mislukking.**

- Ondoeltreffendheid lei tot vermorsing van staatfondse en hulpbronne. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

2.3.5 **Hoe kan staatsondernemings tot die uitbreiding van die ekonomie bydra?**

- Skep meer werkgeleenthede en stel bevoegde bestuur aan. ✓✓
- Bied vaardigingsontwikkeling programme aan om produktiwiteit van bestaande werkers te verbeter. ✓✓
- Behou of diens die masjinerie en toerusting op ŉ gereelde basis om kwaliteit dienslewering te verseker. ✓✓
- Die hantering van korrupsie om vermorsing van publieke fondse te verminder. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek kortliks leidende en saamvallende aanwysers as kenmerke wat in vooruitskattings gebruik word.**

Leidende ekonomiese aanwysers:

- Hierdie is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander/samevallend met die verwysingsdraaipunt. ✓✓
- Hulle gee verbruikers, besighede en beleidmakers ŉ aanduiding waarheen die ekonomie op pad is. ✓✓
- Hulle bereik ŉ piek voordat die ekonomie ŉ piek bereik. ✓✓
- Die mees belangrike tipe aanwyser om ekonome te help om te skat wat in die ekonomie gaan gebeur in die toekoms. ✓✓
- Wanneer hierdie aanwysers voorspoed wys sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook styg in ŉ paar maande se tyd. ✓✓
- bv. aantal nuwe motors verkoop, reële uitvoer van goedere, ens. ✓

(Maks. 2 x 2)

Saamvallende ekonomiese aanwysers :

- Hulle beweeg terselfdertyd as die ekonomie. As die draaipunt van ŉ spesifieke tydreeks verander met die verwysings draaipunt. ✓✓
- Dit dui die huidige toestand van die ekonomie aan ✓✓ bv. kleinhandel verkope. ✓
- As die sakesiklus ŉ piek bereik en dan begin daal, die waarde van kleinhandelverkope sal ŉ piek bereik en dan begin daal op dieselfde tyd. ✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Mak. 2 x 2)

(4 + 4) (8)

2.5 **Hoe kan Suid-Afrika invoer verminder om die betalingsbalans-tekort (BOP) reg te stel?**

Suid-Afrika kan invoere verminder om die betalingsbalans-tekort (BOP) reg te stel deur:

- Verhoging van rentekoerse om plaaslike besteding te ontmoedig insluitend ingevoegde goedere en dienste. ✓✓
- Verhoging van indirekte belasting soos persoonlike inkomstebelasting om huishoudelike besteebare inkomste te verminder en dus die ontmoediging van hul besteding op invoere. ✓✓
- Invoertariewe en heffings in te stel om ingevoerde goedere en dienste duurder te maak en binnelandse uitgawes daarop te verminder. ✓✓
- Verminder die beskikbaarheid van buitelandse valuta om plaaslike vervaardigde besteding op invoere te ontmoedig. ✓✓
- Implementeer streng doeaneprosedures om die proses van die aankoop van invoere te vertraag ✓✓
- Moedig binnelandse produksie van invoere aan, sodat verbruikers dit op plaaslike markte sal koop ✓✓
- Vermeerder totale aanbod van goedere en dienste om tekorte aan plaaslike goedere te vermy ✓✓
- Devaluering van die rand om invoere relatief duurder te maak. ✓✓

**(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.)**
**(Ken ŉ maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite / voorbeelde.)** (8)

**[40]**

## VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE probleme van openbare sektor voorsiening.**

- Aanspreeklikheid ✓
- Doeltreffendheid ✓
- Assessering van behoeftes✓
- Prysbeleid ✓
- Parastatale ✓
- Privatisering/Nasionalisering ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Wat is die betekenis van ’n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans?**

- Die waarde van die rand sal styg as gevolg van netto invloei van buitelandse valuta ✓✓
- Openbare skuld wat gebruik om die betalingsbalans-tekort (BOP) te dek sal verminder/minder lenings. ✓✓
- Buitelandse reserwes kan vermeerder daarby verbeter dit die finansiële posisie van die land. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Gee die ekonomiese konsep wat in die tabel hierbo geïllustreer word.**

Betalingsbalans/BOP ✓ (1)

3.2.2 **Watter lopende rekening-item word gebruik om skenkings aan te teken?**

Lopende oordragte ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *handelsbalans*.**

Dit is die verskil tussen die waarde van handel-uitvoere plus net goud uitvoere en die handel-invoere. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Waarom is netto gouduitvoersyfers positief in Suid-Afrika?**

Dis omdat Suid-Afrika die wêreld se grootste uitvoerder van goud is en daarom is ’n netto uitvoerder. ✓✓ (2)

3.2.5 **Bereken die saldo op die lopende rekening vir die tweede kwartaal van 2019. Toon ALLE berekenings.**

Lopende rekeningsaldo = (invloeie) – (uitvloeie) + (lopende oordragte )
= (1 233 + 50 + 213 + 106) ✓– (1 314 + 229 + 230) ✓ + (-35)
= 1 602 – 1773 – 35
= - 206 ✓✓ (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Gee ’n naam vir die grafiek.**

Phillips-kurwe/kromme ✓ (1)

3.3.2 **Wat is die oorspronklike natuurlike werkloosheidsyfer in die grafiek hierbo?**

14% ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *nuwe ekonomiese paradigma.***

Die nuwe ekonomiese paradigma verwys na die regeringsbeleide wat ontwerp is om hoë vlakke van ekonomiese groei te bevorder sonder om aanbod beperkings en prysinflasie te beïnvloed. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)


3.3.4 **Verduidelik hoe die regering sy fiskale beleid kan gebruik om die herstel van ’n ekonomie te bespoedig.**

Die regering kan die herstel van die ekonomie bespoedig deur:

- Vermindering van belasting wat verbruikers en maatskappye meer geld sal gee om te bestee op goedere en dienste en maatskappye om hulle produksiekapasiteit uit te brei. ✓✓
- Vermeerder regeringsbesteding wat gemiddelde besteding en vraag, en dit sal ekonomiese aktiwiteite en werkskepping stimuleer. ✓✓
- Vermeerder regeringsbesteding en gelyktydig verminder belasting. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

3.3.5 **Met behulp van ’n grafiek, illustreer die effek van vraag- en aanbodkant beleide om sakesiklusse uit te stryk.**




(4)

3.4 **Verduidelik die effek van ŉ toename in massaproduksie op internasionale handel.**

Effek van ŉ toename in massaproduksie op internasionale handel:

- ŉ Styging in produksie as gevolg van massaproduksie kan tot ŉ styging in die aanbod van goedere en dienste in buitelandse markte lei ✓✓
- ŉ Styging in uitvoere sal lei tot ŉ invloei van buitelandse valuta wat die aanbodkurwe na regs laat beweeg. ✓✓
- Dit sal tot die appresiasie van die waarde van die rand lei. ✓✓
- Verskaf meer werksgeleenthede wat sal lei tot ŉ styging in die vraag na buitelandse goedere wat bydrae tot internasionale handel ✓✓ en wat lei tot ŉ groter toegang tot verskeidenheid van goedere en dienste. ✓✓
- Meeste vervaardigde produkte benodig grootskaalse produksie om bekostigbaar en winsgewend te wees. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (8)

3.5 **Hoe kan ŉ resessie die verskillende ekonomiese deelnemers negatief beïnvloed?**

- Die belastingbasis van die regering kan krimp omdat sommige besighede hul bedrywighede kan staak en werkers hulle werk verloor. ✓✓
- Maatskaplike besteding deur die regering kan toeneem namate armoede en werkloosheidsvlakke tydens die resessie toeneem ✓✓
- Staatskuld kan toeneem namate die regering probeer om fondse in te samel vir sommige van sy kritieke uitgawes. ✓✓
- Huishoudings kan hul werk verloor en nie nuwe werk kry nie aangesien produksie van goedere en dienste afneem ✓✓
- Besighede kan ŉ lae vraag na goedere en dienste ervaar aangesien verbruikers sommige van hul uitgawes uitstel ✓✓
- Besighede se vertroue kan afneem en sodoende hulle ontmoedig om in die ekonomie te belê ✓✓
- Besighede kan minder inkomste genereer, wat minder winste tot gevolg hê ✓✓
- Die buitelandse sektor sal minder Suid-Afrikaanse uitvoere hê namate binnelandse produksie toeneem. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (8)

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMISE STREWES

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE instrumente van die monetêre beleid.**

- Rentekoerse ✓
- Kontantreserwes vereistes ✓
- Ope-mark transaksies ✓
- Morele oorreding ✓
- Wisselkoersbeleid (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe kan ondoeltreffendheid tot lei?**

**Dit kan lei tot mislukking in die openbare sektor wanneer:**

- Teikens wat gemis word in verband met inflasie, groei en indiensneming. ✓✓
- Daar is onbevoegdheid in die gebruik van monetêre en fiskale beleide en die harmonisering daarvan ✓✓
- Daar is ŉ versuim om bestaande beleide met geskikte effektiewe beleide aan te vul. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Noem die tydperk van die sakesiklus waartydens die vlak van ekonomiese aktiwiteite toeneem.**

Opswaai/uitbreiding ✓ (1)

4.2.2 **Noem EEN tipe sakesiklus.**

- Kitchin-siklus ✓
- Kondratief-siklus
- Jugler-siklus
- Kuznets-siklus (Enige 1 x 1) (1)

4.2.3 **Bespreek kortliks die term *sakesiklus.***

Opeenvolgende periodes van stygende en dalende ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.4 **Hoe kan natuurrampe fluktuasies in sakesiklusse beïnvloed?**

Swak weer kan fluktuasies beïnvloed deur:

- Verminder die produktiwiteit van die landbousektor wat ŉ afswaai veroorsaak in die ekonomie. ✓✓
- Kontraksies in sakesiklusse word veroorsaak as gevolg van ŉ afname in die aanbod van landbouprodukte ✓✓
- Vermindering van grondstowwe wat gebruik word om ander goedere te produseer wat dus ŉ vertraagde groei in die vlak van ekonomiese aktiwiteite veroorsaak. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)

Kopiereg voorbehou 

4.2.5 **Hoe het die Keynesiaanse (endogene) denkrigting sakesiklusse beïnvloed?**

- Die Keynesiaanse (endogene) siening is dat markte inherent onstabiel is en daarom is regerings inmenging noodsaaklik om die ekonomie te stabiliseer. ✓✓
- Hulle argumenteer dat die totale waarde van besteding bring verandering in vraag ✓✓
- Regering kan inmeng deur die fiskale beleid wat belasting en regerings besteding insluit. ✓✓
- Gedurende ŉ resessie, kan die regering hulle besteding vermeerder en belasting verminder (stimuleer) ✓✓
- Dit sal die vlak van ekonomiese aktiwiteit vermeerder bv. produksie, indiensneming, inkomste en vraag ✓✓
- Gedurende ŉ piek kan die regering belasting vermeerder en regeringsbesteding verminder ✓✓
- Dit sal lei tot ŉ verminderde inkomste, vermindering in die vraag na die produksiefaktore en besteding ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die instansie wat verantwoordelik is vir die publisering van die data hierbo**

Statistiek Suid-Afrika/Stats SA ✓ (1)

4.3.2 **Wat is die tendens in die indeks van invoerpryse?**

- ŉ Daling/afname ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *handelsvoorwaardes.***

Die verhouding tussen die indeks van uitvoerpryse en die indeks van invoerpryse / Die verhouding tussen uitvoerpryse en invoerpryse / Dit druk ŉ land se uitvoerpryse in terme van sy invoerpryse uit. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 **Wat kan ŉ verbetering in die land se handelsvoorwaardes (ruilvoet) bring?**

ŉ Styging in uitvoerpryse ✓✓/ ŉ Daling in invoerpryse. ✓✓ (2)

4.3.5 **Bereken die handelsvoorwaardes vir Maart 2022 (A). Toon ALLE berekenings.**

Ruilvoet = indeks van uitvoerpryse/indeks van invoerpryse x 100
= 109,7 ✓/107,7 ✓ x 100 ✓
= 101,8 ✓ (4)

4.4 **Bespreek kortliks absolute en komparatiewe voordeel as redes vir internasionale handel.**

Absolute voordeel:

- Absolute voordeel beteken dat die land daardie goed of diens beter as enigiemand anders/teen die laagste koste kan produseer. ✓✓
- 'n Land met 'n absolute voordeel maak ekonomiese winste deur te spesialiseer in wat hy die beste doen ✓✓
- 'n Basis vir handel bestaan aangesien dit sin maak dat hierdie land in die produksie van hierdie goed spesialiseer en dit dan verruil vir goedere waarin ander lande 'n absolute voordeel het. ✓✓
- Elke land spesialiseer daarin om te produseer wat hulle die beste doen en voer daardie produkte in wat hulle goedkoper van die buiteland kan koop as van plaaslike produsente. ✓✓
- Al het die land absolute voordeel in die produksie van alles, hoef dit nie noodwendig alles te produseer en selfversorgend te wees nie, as gevolg van die beginsel van vergelykende voordeel. ✓✓

Komparatiewe voordeel:

- Die beginsel van komparatiewe voordeel bepaal dat twee lande onder sekere omstandighede kan baat by handel as een van hulle meer doeltreffend as die ander is om alles te produseer. ✓✓
- Komparatiewe voordeel stel geleentheidskoste bekend as `n faktor vir ontleding in die keuse tussen verskillende opsies vir produksie diversifikasie ✓✓ Komparatiewe voordeel stel dat daar voordeel vir alle partye in handel sal wees as lande spesialiseer in die vervaardiging van goedere waarin hulle 'n komparatiewe voordeel het (laagste geleentheidskoste). ✓✓
- 'n Land het 'n komparatiewe voordeel in die produksie van 'n goed of diens wat teen 'n laer geleentheidskoste vervaardiging word as sy handelsvennote ✓✓
- Lande verhoog hulle ekonomiese welvaart deur die goedere uit te voer wat hulle relatief meer doeltreffend is om te produseer en die goedere in te voer wat ander lande relatief meer doeltreffend is om te produseer ✓✓ (8)

4.5 **Hoekom is prysstabiliteit belangrik om uiterse skommelinge in sakesiklusse te voorkom?**

**Prysstabiliteit is belangrik om uiterste skommelinge in sakesiklusse te voorkom:**

- Dra by tot hoë vlakke van ekonomiese aktiwiteite en indiensneming ✓✓
- Verbeter die deursigtigheid van die prysmeganismes sodat mense veranderinge in die relatiewe pryse kan herken sonder om verwar te word deur veranderinge in die algehele prys ✓✓
- Laat mense toe om goed ingeligte verbruiksbesluite te neem ✓✓
- Buitelandse beleggings aan te moedig om groei te bevorder ✓✓
- Help om hulpbronne meer doeltreffend toe te wys ✓✓
- Vermy onproduktiewe aktiwiteite wat soms gebruik word om ŉ mens teen die impak van hoë inflasie te beskerm. ✓✓
- Vermy die risiko van deflasie wat dit moeiliker maak om beleide te implementeer om daarteen te waak. ✓✓
- Implementeer inflasieteikens deur die verdraaiing van inflasie of deflasie te verminder wat op verdraaiing impak op die ekonomiese gedrag van belasting en sosiale sekerheid vererger ✓✓
- Verhoed ŉ arbitrêre herverdeling van rykdom en inkomste as gevolg van onverwagte skommelinge ✓✓
- Hou rentekoers onveranderd om te verseker dat daar deurlopende groei in die ekonomie is sonder enige groot fluktuasies ✓✓
- Pas die kontant reserwes vereistes aan wat banke sal verplig om krediet/geld in omloop te beperk ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek in detail die markte binne die vier-sektor model. (26 punte)**
- **Hoe kan die sakesektor meer positief tot die ekonomie bydra? (10 punte)**

### INLEIDING

- Markte koördineer ekonomiese aktiwiteite en bepaal pryse vir goedere en dienste ✓✓
- Die sirkel vloeimodel is 'n vereenvoudigde voorstelling van die interaksies tussen die deelnemers van die ekonomie ✓✓
  (Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.) (2)

### HOOFGEDEELTE

<u>Goedere/Produkte/Uitsetmarkte</u> ✓
- Dit is markte vir verbruikersgoedere en dienste ✓✓
- In ekonomie word onderskeid getref tussen goedere en dienste:
- Goedere word gedefinieer as tasbare items soos kos, klere en motors wat sommige menslike behoeftes bevredig ✓✓
- Koop en verkoop van goedere wat geproduseer in markte sluit:
  - Kapitaalgoedere mark is vir geboue en masjinerie ✓✓
  - Verbruikersgoedere mark is vir die verhandeling van duursame verbruikersgoedere, semi-duursame verbruikers goedere en nie-duursame verbruikersgoedere ✓✓
  - Dienste word gedefinieer as nie tasbare items en sluit groothandelaars en kleinhandelaars vervoer en finansiële markte ✓✓
- Vloei van private en openbare goedere en dienste is werklike vloeie en dit gaan gepaard met teenvloeie van uitgawes en belasting op die produkmark

<u>Faktor/Hulpbronne/Insette markte</u> ✓
- Produksiefaktore word op hierdie markte gekoop en verkoop word in die faktormark ✓✓
- Die faktor sluit arbeid, eiendomme en finansiële markte in ✓✓
- Faktor dienste is werklike vloeie en dit gaan gepaard met teen vloeie van inkomste op die faktor mark ✓✓

<u>Finansiële markte</u> ✓
- Hulle is nie direk betrokke by die produksie van goedere en dienste nie maar dien as 'n skakel tussen huishoudings, sakesektor en ander deelnemers met surplus fondse. ✓✓
- Banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse vorm deel van die finansiële mark ✓✓

<u>Geld markte</u> ✓
- In die geldmark, word baie korttermyn gespaar en op kort term-myn geleen (minder as 3 jaar) deur verbruikers en besighede.✓✓
- Produkte wat hier verhandel word is bank obligasies(skuldbriewe), skatwissels en staatseffekte. ✓✓
- Die SARB is die sleutel-instansie in die geldmark. ✓✓

Kapitaalmarkte ✓

- In die kapitaalmark is wat langtermynfondse (3 jaar en langer) gespaar en geleen word deur verbruikers en ondernemings. ✓✓
- Die Johannesburg Sekuriteitsbeurs ŉ sleutel-instansie in die kapitaalmark. ✓✓
- Produkte verkoop in hierdie mark is verbandlenings en aandele. ✓✓

Buitelandse markte ✓

- Op die buitelandse valutamark koop/verkoop besighede buitelandse valuta om vir ingevoerde goedere en dienste te betaal ✓✓
- Hierdie transaksies vind in banke plaas en bestaan uit ŉ elektroniese geldoorplasing van een rekening na ŉ ander. ✓✓
- Die belangrikste buitelandse wisselmarkte is in Londen/New York/Tokio ✓✓
- Die SA rand word vrylik op hierdie markte verhandel en die SARB het geen beheer daaroor nie ✓✓
- Invoer en uitvoer is werklike vloeie en dit gaan gepaard met teenvloeie van uitgawes en inkomste op die buitelandse valutamark ✓✓
- (Aanvaar enige korrekte relevante antwoord ) (Maks. 26) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
**Hoe kan die sakesektor meer positief tot die ekonomie bydra?**

Die sakesektor kan meer positief bydrae deur:

- Om meer te belê in arbeidsintensiewe projekte met die fokus op hierdie opleiding en vaardigingsontwikkeling van werkers ✓✓
- Om hul winste in bruto kapitaalvorming programme te herbelê ✓✓toerusting, gereedskap, vervoerbates en elektrisiteit ✓
- Hul sakebedrywighede uit te brei en in die nuutste tegnologie te belê om ŉ opheffing van die kwaliteit van produksiefaktore wat vir produksie benodig word, te verseker. ✓✓
- om hul besigheidsbedrywighede te diversifiseer deur ŉ gedifferensieerde produk aanbieding binne of buite die reeks wat hulle produseer in te bring ✓✓
- ondersteun Suid-Afrikaanse besighede in die verkryging van rou materiale en vermeerder hulle markaandele vir Suid-Afrikaanse produkte wat plaaslik en oorsee vervaardig word. ✓✓
- verseker die bestaan van gesonde besigheidsbeginsels vir langtermyn betrokkenheid by die ekonomie wat tot ŉ positiewe ekonomiese groeikoers lei ✓✓
- gebruik van lenings om in kapitaalgoedere soos masjinerie te belê om massaproduksie teen ŉ laer koste te verseker en sodoende hul mededingendheid te verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (Mak. 10) (10)

**Slot**

Markte is krities belangrike instellings in ons ekonomiese stelsel, omdat hulle die mark reguleer, om prysstabiliteit en algemene sakevertroue te verseker. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Maks. 2) (2)

**[40]**

## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- **Bespreek in detail die hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie. (26 punte)**
- **Hoe effektief is die Suid-Afrikaanse regering om volle indiensneming te bewerkstellig? (10 punte)**

### INLEIDING

Die regering verskaf goedere en dienste wat nie deur die mark voorsien word nie en speel dus ŉ groot rol in die regulering van ekonomiese aktiwiteite, leiding en vorming van die ekonomie. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.) (2)

### HOOFGEDEELTE

Ekonomiese groei ✓
- Verwys na ŉ toename in produksie van goedere en dienste ✓✓
- Gemeet in terme van reële BBP ✓✓
- Ekonomiese groei vind plaas wanneer die ekonomiese groeikoers hoër is as die bevolkingsgroei ✓✓
- ŉ Land se inwoners vind baat by groei en ontwikkeling omdat dit telkens tot `n hoër lewenstandaard lei ✓✓
- Formule gebruik:

$$\text{Reële BBP} = \frac{\text{Reële BBP huidige jaar – Reële BBP vorige jaar x 100}}{\text{Reël BBP vorige jaar ✓✓}}$$

<u>Volle indiensneming</u> ✓
- Dit is wanneer almal wat wil werk en werk soek, die geleentheid moet hê om te kan werk ✓✓
- Hoë indiensnemingvlakke is die belangrikste ekonomiese doelwit van die staat ✓✓
- Die werkloosheidskoers het oor die afgelope paar jaar gestyg✓✓
- Gestremde mense het benadeelde status in Suid-Afrika.✓✓
- Informele sektor-aktiwiteite moet aangemoedig word omdat dit ŉ sektor is waar indiensneming toeneem ✓✓
- Vir werkskepping om te styg, moet produksie ook verhoog word. ✓✓
- Formule:

$$\text{Werkloosheidskoers} \frac{= \text{ getal werklose persone x 100 ✓✓}}{\text{Totaal EAB}}$$

<u>Wisselkoers-stabiliteit</u>✓
- Doeltreffende monetêre en fiskale beleide moet in werking wees om wisselkoerse relatief stabiel te hou. ✓✓
- Daling en styging in die waarde van die geldeenheid lei tot onsekerheid vir vervaardigers en handelaars en moet beperk word. ✓✓
- Die SARB het die wisselkoers van ŉ beheerde swewing na ŉ vry-swewing wisselkoers omgeskakel ✓✓

Prysstabiliteit ✓

- Stabiele pryse bring beter resultate in terme van werkskepping en ekonomiese groei mee. ✓✓
- Die SARB se inflasieteiken is 3–6% ✓✓
- Rentekoerse, gebaseer op die repokoers, is die hoofinstrumente wat in die stabilisasiebeleid gebruik word. ✓✓
- Die stabiele begrotingstekort het ook ŉ stabiliserende uitwerking op die inflasiekoers ✓✓

Ekonomiese regverdigheid / Ekonomiese regverdigheid ✓

- Herverdeling van inkomste en welvaart is belangrik. ✓✓
- Suid-Afrika het ŉ progressiewe inkomste belastingstelsel.
  winsbelasting, welvaartbelasting, belasting op kapitaalwins en belasting op besteding word gebruik om gratis dienste mee te finansier ✓✓
- Gratis maatskaplike dienste is basiese onderwys; primêre gesondheidsorg en finansiering van basiese ekonomiese dienste ✓✓
- Bv. kontantskenkings aan die armes, bv.. kindertoelae en kontantskenkings aan mense wat kwesbaar is, bv. ongeskiktheidstoelae ✓✓
- Progressiewe belasting beteken dat die hoër inkomstegroepe ŉ groter persentasie van hul inkomste as betalings betaal ✓✓

Betalingsbalans ewewig ✓

- Die surplus of tekort op die handelsbalans moet tot die minimum beperk word deur invoere te beperk en uitvoere te bevorder✓✓
- Dit kan gedoen word deur ŉ buitelandse handelsbeleid wat fokus op uitvoerbevordering, invoervervanging en beskerming. ✓✓
- Huishoudelike nywerhede met spesiale fokus op die sekondêre sektor moet ook ontwikkel word ✓✓ (Maks. 26 punte) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- Werkloosheid het 30% oorskry en dit sal waarskynlik nog styg. ✓✓
- Werksgeleenthede word geniet deur mense wat nie bekwaam is nie, en nie geskik is vir die werk nie ✓✓
- Die GEAR-strategie het nie werklik die beoogde resultate in terme van indiensneming verbeter nie ✓✓
- EPWP skep werk wat nie volhoubaar is nie en wat onproduktief is ✓✓
- Regeringsinisiatiewe om vaardighede aan sy mense te verskaf is nie gelyk aan die vraag na arbeid nie. ✓✓
- Daar word geargumenteer dat ŉ groter persentasie van die land se begroting gaan na vergoeding en baie min wat vir werkskepping oorbly. ✓✓
  (Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10) (10)

**SLOT**

Terwyl sekere sukses deur die regering bereik is, word die vervulling van sommige doelwitte in die gedrang gebring deur faktore soos ŉ gebrek aan aanspreeklikheid, korrupsie, begroting, nepotisme en onbevoegdheid. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante hoë-orde slot) (Mak. 2) (2)

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou